CACHET APTEEK
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXX VRYDAG, 29 AUGUSTUS 1975 No. 12

PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(Edms.) Bpk.
Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.

# Shimla-rugby staan in vlak water

Deur Jurg Prinsloo

**VANJAAR se Intervarsity sal, danksy die wonderlike geesdrif van die Puk se sportliefhebbers, onthou word as 'n sege in 'n nederlaag. Ons kan trots voel oor die onbesproke gesindhede wat ons studente op en van die velde geopenbaar het.**

Reeds Saterdagoggend tydens die koshuiswedstryde kon 'n mens aanvoel en ook sien dat daar 'n gees van vasberadenheid en gesonde sportmangees onder ons rugbyspelers heers. Die Kovsies moes dit wel deeglik ontgeld.

OPDONS

Toe die onder 20's Saterdagmiddag die veelgeroemde Kovsies in hul wedstryd so voortreflik opdons met dryflopies en plettervatte en oordeelkundige skoppe, kon mens nie help dat jy van trots en afwagting wou bars nie. En toe die 1B's! Mensig, ons was nog benoud halftyd toe ons manne met 6—7 agterloop, maar met rustyd verby en die son van voor, het die Pukke soos verwoede bye begin toesak op die bal en die Kovsies in alle fasette van die spel oorskadu om met 19—7 te wen.

Wie sal nou 'n vinger wil wys na ons vyftien uitsoekmanne wat die knie voor die Vrystaat moes buig? Nie ek nie. Vir soveel deursettingsvermoë en volgehoue spangees, moet 'n mens net respek hê. Die Kovsies het verdien om te wen met die pragtige samespel waarvoor hul voor- en agterspelers gesorg het. Om teen sulke spel weerstand te bied en teenvoeters te probeer aanwend vir meer as tagtig minute lank, getuig van heldemoed van ons manne.

Dit was duidelik dat nie almal hul gelukkigste wedstryd beleef het nie, veral op die verdediging, maar die Theos het deurentyd geweier om te gaan lê. Mooi so Pukke — ons is trots op julle!

Om uitblinkers uit te sonder, sal 'n moeilike taak wees. Tog moet die name van Piet Brand, Dries Coetzer, Eric le Roux en James Claassen genoem word. Dit was betreklik maklik om te sien dat hierdie manne Saterdag hul heel beste rugby gespeel het.

BESERING

Johan Radloff het ook sy hart uitgespeel, voordat hy die veld weens 'n ernstige beenbesering moes verlaat.

- En Kovsies het rede om bekommerd te wees... die gaping tussen hul eerste- en tweedespan is so groot dat hulle nou in vlak water staan, hulle het geen diepte.

## 'N SWART 'VARSITY

**SATERDAG se Intervarsity het ook sy swart nadraai gehad nadat vier Kovsies in 'n motorongeluk dood is.**

Dié vier Kovsies, Herman de Jager (20) van Despatch, Beth Erlank (19) van Port Elizabeth, Lizette van den Heever (20) en Marietha van Rooyen (19) van Frankfort, is in 'n botsing reg van voor met 'n bakkie verkool nadat die Volkswagen waarin hulle gery het, aan die brand geslaan het.

KROONSTAD

Die ongeluk het Saterdagaand ná 20h00 buite Kroonstad op die Ventersburgpad plaasgevind.

Vroeër dié dag het hulle deel aan die Kovsies se reuse oorwinning van 49-3 oor die Pukke gehad.

Van die verwagte tweestryd tussen Hennie Saayman en Edrich Krantz het daar niks gekom nie. Krantz het die stryd loshande gewen. Hier kom Krantz juis aan om 'n vasberade Saayman te keer. Andre Rossouw en Osie van Niekerk staan nader om te help. Krantz was vanjaar die kaptein van die Suid-Afrikaanse jongelingspan na Suid-Amerika. (Foto: Attie Gerber.)



## DUITSERS BAIE GAWE MENSE

**VIR die tweede keer hierdie jaar het Duitse studente die PUK besoek. Hierdie keer het ons geleentheid om regte Duitse „Gemütlichkeit" te ervaar.**

Die vyf studente — Heinz, Günter, Harald, Dieter en Eberhart swot ekonomie en regte op München en Mannheim universiteite. Hulle verblyf op die PUK van Dinsdag 19 Augustus tot na Intervarsity is deur die ASB gereël. Hulle was 'n baie vriendelike groep, 'n bietjie regs vir Europese studente en dus bereid om die goed in die konservatiewe raak te sien, alhoewel hulle oor die mate daarvan verbaas was.

Natuurlik is hulle baie oor hul siening van Suid-Afrika gevra. Hulle is beëindruk deur die land en was baie verras deur die gasvryheid hier — in besonder dié van die PUK. Oor ons binnelandse beleid het hulle nie geswyg nie. Hulle het die probleem gesien en gesê dat die saak heeltemal anders is as wil blyk uit koerante en tydskrifte.

- Dit is moeilik om anders as gasvry te wees as die besoekers so aangenaam is. Die PUK het beslis deur hul studentegees en spontaniteit gebaat.

Om een of ander onverklaarbare rede het Klippies Kritzinger, kaptein van die Shimla-span wat Puk Saterdag met 49—3 gewen het, nie Saterdagaand ná die wedstryd die onthaal in die Elgro bygewoon nie. Gelukkig was daar nie spreekgeleentheid vir die spankapteins nie.



BULT-APTEEK
ONS KEN U BENODIGDHEDE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 89B en C Tel. 5943 en 3377
STUDENTE APTEEK
—WP



## DIÉ SLAG WEN ONS!

Hierdie slag is die stryd vierkant ons s'n. Hannie Croukamp met haar sjoe-broekie het Saterdag haar Kovsie-teenstander 'n afgedankste loesing gegee. Hier wag sy om die veld met 'n glasie sjampanje te gaan versier. (Foto: Attie Gerber.)

# *KOMPETISIE VIR MUSIEKSTUDENTE*

**DIE jaarlikse Collegium Musicum-kompetisie vir musiekstudente aan die Konservatorium het op 19—21 Augustus plaasgevind. Soos gewoonlik het dit groot belangstelling uitgelok en die pryswenners is reeds besig met voorbereidings vir die pryswennerskonsert wat op 4 September sal plaasvind.**

Hierdie kompetisie is sedert 1969 'n jaarlikse instelling. Studente kan deelneem in 4 afdelings, naamlik klavier, orrel, sang en instrumentaal.

STUDIES

Die pryse sluit in geld-, boek- en plaatpryse en word deur die personeel gegee om die studente in hul studies aan te moedig. Die kompetisie word dan ook deur die personeel beoordeel.

Dit is interessant dat ses van die twaalf deelnemers in die afdeling vir klavier mans was. In weerwil van die feit dat dit vanjaar die jaar van die vrou is, is die eerste drie pryse dan ook deur drie mans verower.


Pierre Brits was eerste in hierdie afdeling met Frans Smith en Gerhard van der Linde onderskeidelik tweede en derde.

LONDEN

Elise Crause wat die eerste sangprys verower het, het reeds twee jaar se studie in Londen agter die rug, ook met beurse wat aan haar toegeken is. Die ander pryswenners, Pierre Brits en Huibertus Verhoef is albei B.Mus.-studente în hul vierde jaar.

Huibertus Verhoef het die orrel-afdeling gewen. Marelise Buijs was tweede. In die sangkompetisie het Bea Burggraaf na Elise Crause geëindig.

Omdat die kompetisie in die instrumentale afdeling nog nie voltooi is, kan daar nog geen verdere uitslae bekend gemaak word nie.




# *Skrywerskring en fotiek werk saam*

**DIE Skrywerskring en die Fotografiese Vereniging is besig om saam te werk aan 'n Gedenkbundel wat reeds teen volgende jaar beskikbaar sal wees.**

Die idee het ontstaan toe die Skrywerskring nie genoeg geld gehad het vir Lens '75 nie, en toe Fotiek graag 'n Gedenkfotiek van al hul beste foto's wou uitbring.

LENS

Die bundel gedenk ook terselfdertyd die vyfjarige bestaan van Lens. Dit sal ongeveer vyftig gedigte van oor die hele vyf jaar bevat met 'n gelyke aantal van die beste foto's wat deur die Fotografiese Vereniging geneem is om tematies by die gedigte aan te pas.


Die standaard van beide foto's en gedigte beloof om baie hoog te wees omdat die keurders slegs die room van die oes van die afgelope jare in aanmerking sal neem. Martin Dempsey, Voorsitter van die Skrywerskring sal die keuring van die gedigte waarneem terwyl Kobus du Plessis, Fotiek se Voorsitter, na die foto's sal omsien.

BEKENDES

Die digters wie se gedigte in die bundel opgeneem sal word is almal bekendes by die Skrywerskring. Baie van hul gedigte het ook al een of ander tyd in Die Wapad verskyn. Onder hulle is daar die talentvolle Gerhard van der Linde wat al heelwat prosa en poësie in Die Tydskrif vir Letterkunde gepubliseer het.

BUNDEL

Liesel Meyer se gedigte met hul fyn, gevoelige toonaard sal ook 'n besliste keuse wees. Op hierdie stadium is dit hoogs onwaarskynlik of Jan Swanepoel se gedigte in die bundel opgeneem sal kan word, omdat hy self op die oomblik 'n digbundel, getiteld My Rome brand so Mooi in die pers het. Die uitgewers het gevolglik alle regte op die betrokke gedigte.



## VAKANTE POSTE

# HELE VIER JAAR OUD

DIE departement Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste aan die P.U. vir C.H.O. het vanjaar sy eerste finalejaarstudente. Die departement is in 1972 gestig.

Dit is 'n jong, moderne departement en die studente word soveel moontlik in aanraking gebring met die praktiese werk van bekende kunstenaars. Die Universiteit se permanente kunsversameling van 400 werke word veral hiervoor gebruik.

Volgens prof. G. M. Ballot, die hoof van die departement, is dié versameling die grootste van sy soort in die land. Dit is veral kenmerkend dat hierdie versameling nie staties of museumagtig is nie, maar juis dinamies in die sin dat dit altyd die teenswoordige en beste werke van die jong kunstenaars van ons land aan die publiek en die studente sal toon.

Daar is ook werke van Maggie Laubscher, George Boys, Christo Coetzee, Cecily Sash, Cecil Skotness en Maud Summer.

Die departement reël ook gereeld uitstappies na groot uitstallings van bekende kunstenaars. 'n Aktiewe studentekunsvereniging woon ook gereeld uitstallings by en besoek kunstenaars by hul ateljees.

## KARLIENER GOOI SJAMPANJE

DIE oulikste en gaafste meisies kom ongetwyfeld uit Karlien. Dit het die Puk se sjampanjenooi, Hannie Croukamp, weer eens Saterdag bewys. Hannie, sy is verloof, borrel oor van lewenslus en Saterdag tydens Intervarsity het sy alles baie koel en kalm gevat.

## AFRIKAANSE TOONSETTING VAN PSALM 23

OP 22 Mei vanjaar is die eerste uitvoering gegee van die Afrikaanse toonsetting van Psalm 23. Die toonsetting is gedoen deur prof. Pieter de Villiers, 'n dosent aan die Konservatorium van die P.U. vir C.H.O.

KOORRAAD

Prof. De Villiers het opdrag ontvang van die Transvaalse Koorraad om iets te toonset vir die Taaljaar. Die stuk is spesifiek getoonset vir Mimi Coertze, tesame met 'n koor en orkes.

BEURS

Die eerste aanbieding van die stuk het in die Konservatoriumsaal van die Universiteit plaasgevind. Dit was ter stigting van 'n beursfonds vir sangstudente.

Die stuk is ook uitgevoer ten tyde van die aanvangsfees van die Taaljaar. Die massakoor is begelei deur 'n orkes van die lugmag en weermag. Die orkes en koor is gedirigeer deur die komponis self.

Op 10 Oktober sal die werk weer uitgevoer word wanneer die Taalmonument op Paarlberg onthul word.

Prof. De Villiers is veral bekend vir die Boerneef-liedjies wat hy al getoonset het. Die toonsetting van Psalm 23 het hy gedurende 'n kort tydperk rondom die Aprilvakansie gedoen.

die WAPAD

# SKROEF LOS

JA, die Pukke het verloor... en geluk Kovsies.

Nou ontstaan die vraag: Wie voel die slegste — ons of hulle?

Iewers is daar 'n skroef los. Die gaping tussen Kovsies se eerste- en tweede-span is onwerklik en mens kan met vaste gronde sê dat Kovsies 'n hoogs „professionele" eerstespan en 'n swak studentespan het.

Maar, laat ons dit daar los, en laat die Kovsies self hul eie los skroewe vasdraai.

# LAASTE WAPAD

HIERDIE is ook die huidige redaksie se laaste Wapad vir 1975.. en was 1975 nie vol opwinding nie!

Die Wapad het ook vanjaar se deel aan klappe weg en is telkens as sensasioneel beskryf.

Die redaksie het egter van meet af aan besluit om eerstens die mondstuk van elke student op hierdie kampus te wees en nié 'n doellose naprater van enige belangegroep, links, regs of gematig te wees nie.

Volkome objektiwiteit is onmoontlik, maar dit was tog die redaksie se strewe om alles, die regte en die verkeerde, op hierdie kampus maksimaal objektief onder die massa se aandag te bring.

Die Wapad wou 'n koerant in die ware sin van die woord wees: nuuswaardig, leeswaardig, openbaarmakend, tegnies goed versorgd en gesaghebbend. Die Wapad wou weg beweeg van oppervlakkige haarklowery wat 'n belediging vir die ontwikkelingspeil van enige student is. Daarom het ons 'n ewewig tussen nuus en diepte probeer handhaaf.

Laastens wou die Wapad ook Christelik verantwoordelik wees en daarom het sy redaksie die hoogste agting en lojaliteit teenoor die Christelike instelling van hierdie unieke Universiteit probeer betoon.

Of die redaksie in sy strewe geslaag het, moet elke Puk vir homself uitmaak.

Ons dank julle Pukke... julle het vanjaar bewys dat julle nie 'n spul doellose en kruiperige navolgers en napraters is nie, maar volwassenes wat verantwoordelik vir hul regmatige regte kan veg... en hét julle nie daarin geslaag nie!

# BEDANKINGS

OM aan al die Wapad se weldoeners dankie te sê, is haas onmoontlik, maar mens kan tog probeer:

REDAKSIE: Aan al die redaksielede wat vrywilliglik en op eie stoom saam met die Wapad geswoeg het.. dankie. Ook aan al die medewerkers wat gehelp het.

DRUKKERS: Geen ydele woorde, maar opregte dank aan die Potchefstroom Herald-drukkery wat die Wapad met professionele noukeurigheid hierdie jaar gedruk het. Aan mnr. Sim van der Spoel, die setters, bladplakkers, Hettie en haar maats by die ontvangstoonbank, bromide-makers en die helpers wat die Wapad elke Vrydag help aandra het. Baie Dankie!

OOM PIET: Die Wapad is een van die min studentekoerante met 'n eie professionele fotograaf. Aan oom Piet en tannie Fotokuns, dankie vir al die moeite deur julle aangegaan.

STUDENTERAAD: Aan die studenteraad en in besonder aan mnr. Marius Schalekamp, dankie vir die verdraagsaamheid. Ook opregte dank aan dié studenteraadslede wat gedurig deur middel van mosies die Wapad op sy tone gehou het.

AAN mnr. George Lötter, die nuwe redakteur, 'n suksesvolle termyn.

En, weer eens aan julle Pukke... die Wapad is jul mondstuk, gebruik hom.

Attie Gerber (redakteur).

*DIE WAPAD*

**Aansoeke word ingewag vir die redaksielede van die WAPAD**

**Meld belangstelling, studierigting en koshuis.**

**Bussie 15 by S.S.R.-kantoor**

# PLATFORM VIR VENYN

**GEAGTE REDAKTEUR, — In die laaste uitgawe van Die Wapad (20-8-1975) word op ten minste drie plekke 'n persoonlike aanval op my gedoen. Sommige artikels is deur die redakteur self geskryf. Per implikasie word ek op grond van halwe waarhede (wat nie veel verskil van blatante leuens nie) beskuldig:**

— dat ek oneerlik was;

— dat ek die ou Studenteraad se gesag ondermyn het;

— dat ek in persoon verantwoordelik was vir POPS-vlugskrif 75/2 (terwyl hoogstens gesê kan word dat ek baie ander invloedryke mense op die kampus daarmee gehelp het);

— dat ek „draak wou steek" en wou „speel" met POPS, dit wil sê 'n grap van die hele saak wou maak (terwyl ek dit anders en uitvoerig gemotiveer het op die „Groot Sweet" — wat verswyg word);

Ek vind dit laakbaar dat Die Wapad, 'n openbare nuusmedium, misbruik word as platform vir persoonlike venyn. Teen sodanige aanvalle het ek geen verweer nie, buiten om die volgende te stel aan die Pukke:

— Oordeel self op grond van vorige optrede of ek oneerlik en gesagsuittartend optree.

— Ek is bereid om my in die openbaar te verantwoord op uitnodiging oor wat ek gedoen en geskryf het. Die waarheid vlek oop; die leuen smeer swart.

Ek weier egter om enigsins verder in Die Wapad hieroor te skryf, aangesien daarin nie plek is vir persoonlike twisgeskrifte nie.

PAUL KRUGER.

• Mnr. Krüger, ons waardeer u skrywe.

Net die volgende; U het op die Pops-massavergadering verswyg dat u vir die opstel van Pops-twee verantwoordelik was, terwyl Pops op dié vergadering weens sy naamloosheid gestenig is.

Op die Groot Sweet het u die vraag wat mnr. Gert Kruger aan u gestel het, só beantwoord . . . Ja, ek was vir die opstel verantwoordelik. U het geensins laat blyk dat u slegs 'n medepligtige was nie. U het gesê dat baie Pukke geweet het dat dit u was wat Pops-twee opgestel het, terwyl die helfte van u eie studenteraad net so verbaas soos ek was.

Op die „hoekom"-gedeelte van die vraag, het die woorde „draak" en „steek" pertinent in u antwoord voorgekom. U werklike bedoelings het u nie op die Groot Sweet laat blyk nie, en mens is nog steeds van subjektiewe afledings afhanklik. Dit word onder kommentaar in enige koeranttaal geklassifiseer wat in die hoofartikel of redaksionele kolomme van 'n koerant tuis hoort. Die Wapad het nie sy hoofartikel vir die Pops-twee-kwessie gebruik nie.

U as studenteraadslid het op 'n openbare vergadering teen 'n reeds aanvaarde studenteraadsbesluit te velde getrek wat op sigself die gesag van enige gesagsinstelling in die oë van enige regdenkende mens verlaag. U het ook tevore deel van 'n afsplitsgroepie uit die studenteraad gevorm wat onder andere 'n studenteraadsvergadering weens bogenoemde kwessie geboikot het en ook 'n vlugskrif in dié verband opgestel het. Baie Pukke het daarna selfs van 'n skeuring in die studenteraad gepraat.

Die Wapad erken dat in die strewe na maksimaal objektiewe beriggewing, dit vir mense wat daarby betrokke is, as „persoonlike venyn" mag voorkom, en dat dié mense dan vuur oor „blatante leuens" mag spuug.

U het heeltemal reg, die waarheid vlek oop, openbaarmaking waarborg nie altyd die goeie nie . . . en die Puk het ook maar sy ou Watergate-tjies (Redakteur).

# Dit was groot Pukke

**INTERVARSITY is agter die rug, en ons Pukke het met eer uit die stryd getree. Dis beter om 'n goeie verloorder te wees as 'n slegte(?) wenner.**

Ek was Saterdag trots om 'n Puk te wees. — Dankie Pukke vir julle ondersteuning, julle samewerking, 'n mooi skoon Intervarsity-gees. Dit was 'n voorreg om te help om die Kovsies op die paviljoen in die stof te laat byt. Baie dankie Pukke vir 'n groot Intervarsity.

Intervarsity 1976 lê voor, en laat ons voortbou in dieselfde gees as hierdie jaar. Dit laat my dink aan die grappie van die groot sterk Puk wat in Bloemfontein se strate loop. Skielik sien hy 'n bedelaar (Kovsie) langs die paadjie sit. Daar is 'n hoed voor hom waarin 'n paar pennies lê. Op 'n bordjie staan geskryf: *Help asseblief 'n oud-Shimla.* Hy bekyk die arme man wat net een been het, net een arm, net een oog en amper nie 'n neus nie.

Hy haal toe R5 uit sy sak, gooi dit in die hoed en stap voort. Maar hy steek vas, draai om en kom weer terug en gooi nog R5 in die hoed. Toe stap hy weer aan. Die Puk bedink hom 'n derde keer, draai om en gee die man nog R10. Toe kon die Kavsie nie meer wag nie.

„Baie dankie, Meneer, dis baie vriendelik van u. Maar sê my, waar kom u vandaan?"

„Van Puk af..."

Baie verbaas vra die Kovsie: „Van Puk af? Maar is hulle nie veronderstel om nie baie lief te wees vir ons nie?"

Toe sê die Puk: „I gave you all that money, man, because this is the first time that I've seen a Kovsie 'Voeterd' up to my liking."

Vriendelike Puk-groete,

Henri Raubenheimer (Onder-dirigent).

# „WAPAD SE DRUIWE IS SUUR"

**GEAGTE REDAKTEUR, — Ek hoop die Wapad-redaksie is bereid om kritiek, óók teen hulleself (hiermee bedoel ek die Wapad-redaksie van die afgelope termyn) te publiseer.**

S.R.-verkiesing op die PUK is 'n skoon geveg. Iemand moet wen en iemand moet verloor. En ons is almal saam bly oor die oorwinnaars — ook die wat die onderspit delf. Die wenners verlekker hulle ook nie in die verlies van die verloorders nie. Gelukkig kan dit gesê word van die kandidate in die afgelope S.R.-verkiesing — dit het immers nie vir hulle in die eerste plek om 'n persoonlike oorwinning gegaan nie.

Ongelukkig getuig die berggewing van die Wapad oor die afgelope S.R.-verkiesing nie van dieselfde suiwere motiewe nie. As 'n mens fyn lees, getuig dit selfs van . . . sal ons maar sê van 'n klein, klein bietjie suur druiwe? Verdere motivering is nie nodig nie — dis maar weer 'n kwessie van die skuldiges wat sal weet om die skoen wat pas aan te trek en so hul skuld te erken.

Hoë bome vang mos maar die meeste wind!

By voorbaat dank.

I.D.H.

• Mnr. I.D.H., watter verkiesing is ooit skoon? Het ons nie ook ons deel aan witboordjie-oortredings nie? Eerstejaars wat gedwing word om te gaan stem, koshuise wat voor 'n verkiesing gou vergaderings belê om die getal stemgeregtigdes te vermeerder, mense wat geplante vrae op Groot Sweet vra (u beskou uself as 'n fyn leser) en algemene verkiesingswanpraktyke wat ook maar hier 'n rol speel.

Tweedens praat u van suur druiwe. Sover bekend het nie een van die redasielede vir die afgelope verkiesing gestaan nie, en dus het geen redaksielid ook nie verloor nie. Ons soek regtig kliphard na 'n skoen om aan te trek . . . en dalk het u nie fyn genoeg gelees nie.

Laastens het ons Pukke ook 'n broertjie dood aan naamloosheid . . . mnr. I.D.H. (Redakteur).

Van die hoofsprekers op die jaarlikse simposium van die Sentrum vir Internasionale Politiek. Van links na regs staan genl. J. H. Robbertse, prof. W. Pfeifenberger, prof. C. P. van der Walt, prof. H. J. Sameuls, mnr. D. F. S. Fourie en kommandeur Nieuwoudt.



# Geloof maak ons oë oop vir die gevare van kommunisme

**SUID-AFRIKANERS besef die gevare van die kommunisme, omdat hulle 'n sterk geloof het, het prof. Werner Pfeifenberger van die Universiteit van Münster, Wes-Duitsland, op die jaarlikse simposium van die Sentrum vir Internasionale Politiek verlede Vrydag hier gesê.**

Prof. Pfeifenberger, 'n man wat binne drie weke Afrikaans leer praat het, het oor die ná-oorlogse magstryd in sy strategiese verband gepraat.

Volgens prof. Pfeifenberger het die Wes-Europese jeug sy vertroue in die Christelike geloof verloor. Die kerk sy getakel. In sy soeke na iets om aan te glo, vind die jongmens in Wes-Europa 'n gerieflike plaasvervanger in die kommunisme. Die kommunisme is 'n besonder sterk ideologie en bied vastigheid vir die verwarde jongmens in Wes-Europa.

**BELANGRIK**

Die teenoorgestelde toestand kry mens in Suid-Afrika. Prof. Pfeifenberger het gesê dat ons vastigheid die Christelike geloof is en dat die Kerk 'n belangrike rol in die lewe van die Suid-Afrikaner speel. Daarom besef die Suid-Afrikaner die gevare van die kommunisme

**CHINA**

Prof. Pfeifenberger het ook gewaarsku dat mense nie te geesdriftig moet wees dat die konflik tussen Rusland en China die Weste sal bevoordeel nie.

As daar nog 'n wêreldoorlog is, sal China en Ruslankd wapenbroers word. Volgens prof. Pfeifenberger berus die geskille tussen Rusland en China op die ideologiese vertolking van die Marxisme-Leninisme en op dié grondslag sal dié verskille ook bygelê word.

# NUWE SSR SLAGGEREED OM OOR TE NEEM



DRIES VAN DER WALT



DE WET MULDER

**OP 'n studenteraadsvergadering gehou op 20 Augustus het die nuwe studenteraad van mnr. Johan Pretorius finaal sy voete gevind en is alle voorbereidsels nou getref om die leisels oor te neem.**

'n Nuwe penningsmeester is ook op dié vergadering gekies. Hy is mnr. De Wet Mulder wat op die onlangse studenteraadsvergadering tot die studenteraad verkies is. Mnr. Mulder se teenstander was mnr. I. de V. Lessing. Met die verkiesing van mnr. Mulder as penningsmeester, vul mnr. Dries van der Walt die vakante pos wat ontstaan het.

**PORTEFEULJES**

Portefeuljes is ook op hierdie vergadering aan die studenteraadslede toegeken. Die volledige studenteraad met hul portefeuljes sien soos volg daaruit:

Mnr. J. J. Pretorius (voorsitter), mnr. Theunis Eloff (ondervoorsitter), mnr. Pieter Möller (sekretaris), mnr. De Wet Mulder (penningsmeester), mnr. Percy du Toit (addisionele lid) en toere), mnr. Johan Muller (opleiding en ontwikkeling), mnr. Dries van der Walt (ASB-projekte en verkiesings), mnr. Paddie Jacobsz (karnaval), mnr. Albert de Beer en mnr. Gert Cilliers vermaaklikheid), mnr. Lou van Wyk (grondwette en Wapad), mnr. Piet Meyer en mnr. Peet Badenhorst (geboue en toerusting en P.U.-kleure, eksamens), mnr. Garrie Schutte en Petrus Coetzee (ontwikkelingshulp en opleiding — ook kamp), mnr. Dirk Coetzee (openbare betrekkinge) en Corrie Kraamwinkel (datums en vervoer).

**REDAKTEUR**

Prompu het ook intussen 'n nuwe voorsitter gekry. Hy is mnr. Dup van Rensburg. Henry Steinberg is die nuwe Pukkie-redakteur.

# Nuusflitse van orals

**SENTRUM. — Die Sentrum vir Internasionale Politiek gaan voortaan sy maandelikse nuusbrief, Die Wêreld in Oënskou gratis aan die Pukke beskikbaar stel. Hierdie nuusbrief dek elke maand aktuele internasionale politieke verwikkelinge.**

**GERRIE:** — Uit betroubare bronne word verneem dat Gerrie Germishuys, Springbokvleuel van die Shimlas, kwaai te velde teen verlede week se Wapad getrek het. Blykbaar is dit in die lig gedoen van die huidige rusie dat bona fide-studente toegelaat word om tydens Intervarsity's te speel.

**NUSAS:** — Nusas het ná 'n reeks nederlae tog daarin geslaag om nie uit Kaapstad weggejaag te word nie. Die Ikeys het op 'n massavergadering besluit om 'n affiliaal van Nusas te bly.

**CAMPUS INDEPENDANT:** — Hierdie konserwatiewe blad van Wits, het presies gedoen wat die Wapad so 'n paar weke gelede gedoen het. Campus Independant het dieselfde gruwelfoto as die Wapad in sy jongste uitgawe gepubliseer, tesame met 'n artikel wat dieselfde strekking as die Wapad s'n het. Die vorige studenteraad van die Puk het 'n mosie van misnoë in die Wapad oor die plasing van hierdie foto aanvaar.

**WITS:** Sokker het nou die belangrikste sport op Wits geword. Wits sal ook volgende jaar in die eersteliga speel nadat hulle verlede week met Boksburg afgereken het. Wits is nou ver voor op die punteleer. Volgens hul afrigter, mnr. Eddie Lewis, gaan Wits probeer om volgende jaar die eersteliga te wen.

**IRAWA:** — Die studentekoerant van die Kovsies, die Irawa, loods in sy jongste uitgawe 'n ongenadiglike aanval op sportskrywers wat dit sou durf waag om oor die kwessie van bona fide-studente vir Intervarsity te skryf. Volgens die Irawa skryf hierdie mense 'n klomp nonsens omdat hulle niks anders het om oor te skryf nie.

# KON HOM TOE NIE IN STRIK LEI

**DIE voormalige studenteraadsvoorsitter van die Puk, mnr. Marius Schalekamp, is deur Nusas lastig geval toe verskeie Nusas-leiers onlangs gearresteer is.**

Wits Student, die amptelike studentekoerant van Wits, het mnr. Schalekamp gebel en gevra om oor hierdie saak kommentaar te lewer. Mnr. Schalekamp was nie bereid om kommentaar te lewer alvorens hy nie eers al die gegewens ter insae gehad het nie.

Wits Student het ook mnr. Schalekamp, die nuutverkose ASB-president se mening oor willekeurige aanhouding gevra. Volgens Wits Student het mnr. Schalekamp soos volg geantwoord:

„Die ASB het nog nie tevore hierdie saak bespreek nie, daarom kan ek nie my mening oor hierdie aangeleentheid gee nie. Wits Student het ook aan mnr. Schalekamp gevra wat hy persoonlik van die uittredende Nusas-president, mnr. Karel Tip dink. Mnr. Schalekamp wou geen kommentaar lewer nie. Mnre. Schalekamp en Tip het onlangs in Kaapstad ontmoet.

# AANDAG PUKKE

**DIE Wapadredaksie wag aansoeke in vir redaksielede vir die volgende termyn. Enige persoon wat belangstel in koerantwerk, lief is vir skryf of belangstel in die algemene studentelewe is welkom. (Selfs al stel u nie in bg. belang nie, is u ook welkom!)**

**Daar is vakatures vir kunskenners, politieke belangstellendes, sportentoesiaste, akademies-geïnteresseerdes — noem maar op.**

**Gooi gerus u aansoekvorm in bussie 15 by die Sentrale Studenteraadskantoor voor 5 September. Meld in die aansoek in watter koshuis u is, belangstelling en wat u graag sal wil behartig op Die Wapadredaksie.**


**Terwyl jy vir jou studie sorg, sorg die Standard Bank vir jou.**

Studentplan is 'n sak vol finansiële skemas wat deur die Standard Bank ontwerp is om die lewe vir studente makliker en aangenamer te maak.

1. Studenteleningskema. Lenings tot R4 000 teen ongelooflike lae rentekoerse met maklike terugbetalings.
2. Gratis maandelikse ekonomiese Oorsig van die Standard Bank. Noodsaaklike leesstof vir enigeen wat in die ekonomie en die sakewêreld belangstel.
3. Stanza, spesiale versekeringspolis vir studente. Lewensdekking en beleggingsvoordele. Premies so laag as R2,80 per maand.
4. Studentespaarrekening. Geen kostes nie. Tot R100 per week kan by enigeen van ons 860 takke getrek word.
5. Tjekrekening. Alle rekenings kan per tjek of aftrekorder betaal word. 'n Nuttige statussimbool vir 'n student.
6. Plusplan-rekening. Minimumsaldo van R500, met stewige rente op daaglikse saldo bereken. Aftrekorder-fasiliteite.
7. Flexirand-beleggingsertifikate. In eenhede van so min as R100, en jy kan tot 90% van die bedrag wat jy belê het, terugleen. Jy trek hoë rente, maar die geld is nog steeds tot jou beskikking wanneer jy dit nodig het.

Daar's nog baie meer voordele aan Studentplan verbonde – te veel om hier te noem. Maak 'n draai by die naaste Standard Bank en kry 'n brosjure met volledige besonderhede.

**Standard Bank**

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde Handelsbank)

**Op die Standard kan u staatmaak**

# JAARVERSLAG VAN DIE SENTRALE STUDENTERAAD VIR TERMYN 1974-75

**GEAGTE PUKKE, — Ek lê graag die jaarverslag van die SSR van die PU vir CHO vir hierdie termyn aan u voor.**

1. *Inleiding:* Alles wat bereik is kan onmoontlik in 'n jaarverslag weergegee word. Alleen 'n samevatting en pertinente beloftes wat gedoen is kan uitgestippel word. Die doel van 'n S.R. is om leiding te gee in die studentelewe. Om dit te kan doen moet daar 'n betrokkenheid wees tussen die S.R. en die studente. Die mate waarin die studenteraad daarin slaag om sy studente betrokke te maak bepaal hoe geslaagd sy leiding was.

Gedurende die afgelope termyn was die P.U.-studente besonder betrokke. Dit blyk uit die deelname aan verskillende aksies wat aangebied is en die stempersentasie gedurende die aksies wat aangebied is en die stempersentasie gedurende die SSR-verkiesing. Die rekordpersentasie van 66,4 persent is behaal terwyl die bywoning van die masasvergaderings gemiddeld 800 studente was.

Hier is in werklikheid baie faktore wat hiertoe bygedra het waarvan die belangrikste die openheid, kritiese reggesteldheid en gefundeerdheid van die Puk-student en studenteleiers is.

Enkele verdere sake wat die SSR hanteer het:

2. *Intern:*

2.1. *Interne SR-werksaamhede:*

2.1.1. *Kafeteria:* Die behoefte wat by die kafeteria bestaan vir beter fasiliteite is ondersoek. Onderhandelings is met die Universiteitsowerhede aangeknoop vir die beter inrigting van die kafeteria en sal binnekort gerealiseer kan word.

2.1.2. *Projektor:* 'n Vyf-en-dertig millimeter projektor is deur die SSR aangekoop waardeur Cinepuk voortreflike diens aan die studentegemeenskap kan lewer.

2.1.3. *Vervoer:* 'n Verslag is aan die owerheid voorgelê waarin die vervoertekort aangedui word en versoek is dat in hierdie behoefte voorsien word. Voortspruitend hieruit word deur die owerheid beplan om meer vervoermiddels aan te skaf sodat in hierdie behoefte voorsien kan word.

2.1.4. *P.U.-kleure:* 'n Nuwe kampustrui is goedgekeur en word reeds deur die leweransiers verskaf. 'n Puktrui waarop die Universiteitswapen aangebring is, is ook goedgekeur en sal eersdaags beskikbaar wees. 'n Kontrak is ook met Safari Sport gesluit wat hulle toestemming verleen om ook Puk-sportdrag te verkoop.

2.1.5. *SR en HK-kamp:* Hierdie saak is een van die beloftes wat in my beleidsverklaring gemaak is om beter kommunikasie tussen die kampusleiers te bewerkstellig. Die kamp was in 'n groot mate geslaagd en het 'n goeie fondament gelê vir die suksesvolle uitvoering van oriëntering en goeie samewerking tussen die koshuise en Studenteraad.

2.1.6. *Koshuise:* Die koshuise is besoek waartydens goeie kommunikasie bewerkstellig is tussen SR en student. Baie sake is op hierdie wyse met die owerheid opgeneem. Dorpstudente verdien hier spesiale vermelding vir hulle aktiewe deelname aan kampusaksies en goeie bywoning van vergaderings.

2.1.7. *Struktuurverandering:* Die struktuurverandering soos dit deurgevoer is het gevolg op die behoeftes van die studente soos ondervind op koshuis- en massavergaderings. Hierdie saak is deeglik bestudeer en na 'n aantal SR-vergaderings waartydens die saak telkens herformuleer is, deur die SR goedgekeur is. Die ontkoppeling van die rade (Akademiese-, Sportraad, ens.) van die SR, die konsolidering van AOB en ABKK tot die kultuurraad, die byvoeging van die koshuisraad en die meer outonomiteit van die rade is ingestel om 'n meer soepel hantering van sake in ons studentelewe mee te bring. Ook is die stemregkwalifikasies verander om te voorsien in die werklike behoeftes van die studente.

2.1.8. *Christelike wetenskap:* Die verslag van die Studenteraadsondersoek insake Christelike Wetenskap wat ingestel is in 1973 is in hierdie termyn gelewer. Die opdrag van hierdie kommissie was om die gesindheid van die PU-studente jeens die beoefening van Christelike Wetenskap aan die PU vir CHO te bepaal. Besluite is deur die SR geneem om kennis t.o.v. Christelike Wetenskap te bevorder.

2.2. *Rade:*

2.2.1. *Administratiewe raad* — Tiep van Schaik: Die onderliggame van hierdie raad het hulle werksaamhede met sukses uitgevoer. Die „Pukkie" het verskyn asook 'n nuttige sakboekie. Karnaval is gehou. Die Tweedehandse Boekekomitee is gepatroneer by hierdie raad. Die Wapad is vanjaar deur die Pukke verslind. Die Besembos verskyn eersdaags. Prompu het sy werksaamhede onder die Kleurlinge met sukses uitgevoer en 'n inter-universitêre konferensie vir studente welsynsorganisasies is bygewoon.

2.2.2. *Akademiese raad* — Riaan van der Walt: Twee verenigings, nl. Fisika Vereniging en Colomus is gepatroneer en bygevoeg by die reeds bestaande 18 akademiese verenigings. Die Raad is ook verklein van 42 lede na 24 lede wat hantering van sake baie vergemaklik. Die raad bestaan op die oomblik uit 20 verenigings en 2 komitees.

2.2.3. *Korpsraad* — Paul Krüger: Hierdie raad het 'n bedrywige termyn gehad. 'n Groot aantal selvergaderings is gehou sowel as aktuele programvergaderings. Daar is ook aktief deelgeneem aan kampusdebatte. Die boek „Wêreld van '70" is vrygestel. Vier studiestukke van hoogstaande gehalte het verskyn. 'n Blitskursus met die tema „Kommunikasie" asook opvolgingskursus vir tweedejaars is gehou. 'n Eerstejaarskamp is bygewoon deur 114 eerstejaars. Daar is ook internasionaal geskakel d.m.v. 'n inligtingstuk.

2.2.4. *Kultuurraad* — George Lotter en Dawid Weyers: Die ABKK en AOB is gekonsolideer tot hierdie raad. 'n Suksesvolle seniorprogramaand is aangebied waar individuele studentekunstenaars sowel as Thalia opgetree het. 'n Eerstejaarsdebat sowel as 'n redenaarskompetisie is aangebied. 'n Gewyde musiekprogram is vir die gemeenskap van Potchefstroom aangebied. Kuns-kulturele toekennings is aan verskeie persone gemaak. Flora sowel as Montium was bedrywig en het suksesvolle termyne gehad. Cine-Puk het uitstekende professionele diens gelewer wat 'n vernuwing en 'n nuwe era in ons ontspanningsaksie ingelui het.

2.2.5. *Politiese raad* — Dirk Coetzee: Vier programvergaderings is aangebied waartydens die volgende sprekers opgetree het: Mnre. A. Pyper, Theo Gerdener en drr. Albert Hertzog en P. G. J. Koornhof.

'n Groot aantal vlugskrifte, „PNB Perspektief" het die lig gesien.

2.2.6. *Sportraad* — Willie de Bruin: Die onderskeie sportklubs was baie aktief. Al meer aandag word gegee aan kleiner sportsoorte. Die Sportraad het soos in die verlede saamgewerk met die sportinstituut. Intervarsity is vanjaar op die Pukkampus met groot sukses aangebied.

3. *Ekstern:*

3.1. *Afrikaanse Studentebond:*

3.1.1. *Deelname aan ASB-aksies:* Verskeie aksies van die ASB is goed ondersteun deur die Pukke soos die aktualiteitskonferensie, regskonferensie en kongres. Probleme is met ander byeenkomste ondervind vanweë die Transvaalse Onderwys Departement se drietermynstelsel.

3.1.2. *ASB-aksies aangebied deur PU vir CHO:* Die Studenteraads- en Besturekamp is op ons kampus aangebied wat suksesvol was. 'n ASPU-konferensie word ook eersdaags aangebied op ons kampus waartydens alle studentekoerantredakteurs van die ASB-kampusse teenwoordig sal wees.

Die ASB-aktiwiteite is bekend gemaak deur 'n spesiale ASB-projektekomitee.

3.2. *Skakeling:*

3.2.1. *Universiteit Pretoria:* 'n Besoek is aan die studenteraad van die Universiteit van Pretoria gebring. Die besprekings was insiggewend en suksesvol en baie kennis kon uitgeruil word oor die studentelewe.

3.2.2. *Skakeltoer:* 'n Skakeltoer is gedurende hierdie termyn onderneem na die Universiteit van Port Elizabeth, Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van Kaapstad en Universiteit van Oranje-Vrystaat. Daar is op bevredigende wyse met die studenterade van hierdie Universiteite geskakel. Veral is 'n beter verstandhouding bewerkstellig tussen die Afrikaanse en Engelse studente.

3.2.3. *SCA:* Verlede jaar het die PU-studenteraad 'n konferensie aangebied wat bygewoon is deur Christen Engelse Studente van die onderskeie Engelse kampusse en lede van Afrikaanse studenterade. In opvolging hiervan is 'n soortgelyke konferensie deur die Engelse studente aangebied op die Wits-kampus. Soos die vorige konferensie was hierdie ook baie geslaagd en is daar met vrug gekonfereer oor politieke- en lewensvraagstukke.

4. *Slot:*

Dit was 'n opwindende en uitdagende termyn. Daar is in 'n groot mate tred gehou met veranderde omstandighede en in die behoeftes van 'n groter wordende studentemassa is voorsien. Elke situasie is benader met die openheid van die Christen-Afrikanerstudent sonder om iets prys te gee van ons Christelike beginsels.

Ek wil graag dank betuig aan my Studenteraad vir hulle arbeid sowel as die personeel van die SR en elkeen wat meegewerk het. Aan Hom alle eer en dank.

Marius Schalekamp,
Voorsitter Studenteraad.



MARIUS SCHALEKAMP, STUDENTERAADSVOORSITTER



# MIDDE-OOSTE

PROF. WERNER PFEIFENBERGER van die Universiteit van Münster, Wes-Duitsland, sal op 17 September vir die Sentrum vir Internasionale Politiek 'n voordrag oor die belang en betrokkenheid van die groot- en super-moondhede in die Midde-Ooste lewer.

Prof. Pfeifenberger, 'n man wat binne drie weke leer Afrikaans praat het, is 'n bekende Oostenrykse geleerde wat al 'n Oostenrykse wetenskaplike prys vir 'n werk oor die V.V.O. gekry het.

Hy was ook die intreespreker op die jaarlikse simposium van die Sentrum vir Internasionale Politiek. Die voordrag word om 19h30 in kamer drie van die Frans du Toit-gebou gehou.



**INSLEEP Restaurant**

GEKOOKTE MAALTYE AAN STUDENTE

TOMSTRAAT 100
TELEFOON 6039
—WP

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die Potchefstroomse boekhandel"*

**Tomstraat 86 — Tel. 5236 — Potchefstroom**
—WP

# SWAPO AKTIEF IN SUIDWES — GENL. MAGNUS MALAN

**AKTIEWE optrede van SWAPO kan in Suidwes-Afrika verwag word namate militante organisasies en lande hul pogings verskerp om te midde van die ontspanningspolitiek die internasionale mening teen Suid-Afrika te kry.**

Só het die hoof van die leër, lt.-genl. Magnus Malan, op die jaarlikse simposium van die Sentrum vir Internasionale Politiek verlede Vrydag hier gesê.

### GRENSE

Volgens genl. Malan is 'n toename in subversiewe dade wat onrus en geweld elders kan stook, nie uitgesluit nie. Daar bestaan tans toestande wat groter bewegingsvryheid vir terroriste, tot selfs aan die Republiek se grense begunstig.

Genl. Malan het gesê dat dit die doelwit van ons militêre weerbaarheid is om sulke aanslae, asook binnelandse geweldpleging, wortel en tak uit te roei.

### TRAGEDIE

„Ofskoon dit 'n nasionale tragedie sal wees en ons militêre mag ten opsigte van ander lewensnoodsaaklike take sal verswak, is ons militêre potensiaal ter ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Polisie vir die bekamping van openbare konflik in die geval van binnelandse onrus, georganiseer om snelle en doeltreffende optrede te verseker," het genl. Malan gesê.

### VERDEDIG

Genl. Malan het dit ook beklemtoon dat Suid-Afrika se militêre paraatheid op die verdediging ingestel is: „Dit betaam ons as Christelike-nasionale staat om ons toevlug tot militêre dwangoptredes te neem eers nadat alle ander magsinstrumente nie daarin kon slaag om nasionale belange doeltreffend te beveilig nie. Terwyl ons dus geen aggressiewe oogmerke het nie, handhaaf ons 'n sterk weermag, nie om 'n wapenwedloop in Suider-Afrika te ontketen of om ander state of eie bevolkingsgroepe deur militêre dreigemente tot ooreenkoms te dwing nie, maar met die primêre doel om gewapende konflik te voorkom," aldus genl. Malan.



Tydens die voorwedstryde met Saterdag se Intervarsity op Olënpark het die bloed dikwels gevloei. Hier het een Kovsie sleg in die slag gebly. Die Pukke het met hierdie wedstryd bewys dat hulle diepte het en niks het om vir die toekoms te vrees nie. Die tweede span het die studentespan van die Kovsies maklik met 19—7 geklop.

# MIN WEET MAAR BANDE HOU OP KAAPSTAD

**DIE studentekoerant van die Ikeys, Comment, het op 3 Junie 'n meningsopname onder sowat 190 studente gehou om die gemiddelde student se kennis omtrent Nusas te toets.**

Van die studente wat ondervra is ,het 143 nog nooit gehoor van Karel Tip, Nusas se uittredende president nie. Comment het ook 180 S.O.D.-studente gevra wie mnr. Tip is en slegs sewentien van hulle het al van hom gehoor.

### WHO'S HE ?

Uitsprake oor mnr. Tip het gewissel van: „Who's he?", „Something in Nusas", „Sounds like a real rick" en „Runs a big bulldozer firm".

### TRAGIES

In 'n hoofartikel van 10 Junie sê Comment dat dit tragies is dat Nusas so goed geken word deur sy studente en dat die meningsopname bewys dat Nusas kontak met die breë studenteliggaam verloor het. (Upen).

• In die begin van hierdie maand het meer as 900 Ikeys vir die behoud van bande met Nusas gestem. Slegs 80 studente het teen bogenoemde mosie gestem.

Hou u van skryf en rondgaan onder mense?

Doen aansoek by

**DIE WAPAD**

(bussie 15 van S.R.R.-kantoor)


# AS U GELD STU-KRAG VRA.

Dis nie speletjies om geld te belê nie. Vandag nog minder as voorheen. Want deesdae moet u geld inflasie kan hokslaan.

Dus, voor u sommer in enige spaarrekening gaan geld belê, vra uself eers af:

(i) Kry ek die hoogste beskikbare rentekoers?

(ii) Is daar dalk versteekte finansiële koste wat my rentekoers verminder?

(iii) Word my rekening maandeliks met die rente gekrediteer – of net een keer per jaar? (As u maandeliks gekrediteer word soos by Nedbank, verdien u spaargeld saamgestelde rente, en u belegging groei soveel vinniger.)

(iv) Word ek beskerm teen 'n skielike daling in rentekoerse – en gaan ek baat as die koerse weer klim?


(v) Kan ek geld trek as ek wil?

U sal vind Nedbank weet die beste raad met u spaargeld. Wát u besondere behoefte ook al mag wees. En as u eers 'n Nedbanker is, sal u 'n Nedbanker bly.

Nedbank Beperk
Geregistreerde Handelsbank
**'n Lid van die Nedsual-groep.**

**DIE TOEKOMS LÊ BY DIE NEDBANKERS**

**NEDBANK**



*Ontmoet ons universiteitsman — Mnr. Christo Holtzhausen*

*Wanneer daar onmiddellike deskundige advies oor studente se geldsake, versekering, reis en dies meer verlang word, sal u vind dat julle mekaar verstaan.*

*Vir volledige inligting oor ons Universiteitsdiens en vir vinnige besluite, sien Christo Holtzhausen by Nedbank in Potchefstroom of skakel hom by 4394.*

*Wat u planne ook al is, een manier om in die lewe vooruit te kom is om die regte mense te ken.*

**Die Nedbankers**




Vir die eerste keer in tien jaar kon die netbaldoedies van die Puk daarin slaag om die Kovsies op hul herrie te gee. Hier is die Pukke juis besig om 'n doel te sink. Die Puk het met 20—19 gewen.

# VANJAAR GEBEUR DIT TOE EINDELIK

PUKKE Geskiedenis! Na 9 jaar gebeur dit. Die Pukke wen sowaar die netbal tydens Intervarsity. Pukke dis wonderlik, dis groot om die Kovsies so te sien. Met al julle belangstelling en aansporing langs die baan het julle ons gehelp om dit te kon regkry. Dankie daarvoor. PUK se eerstes het gewen 20-19 en die tweedes 26-14.

Die koshuise het ook koning gekraai en die uitslae was soos volg:

Heide: Madelief — 8-5
Karlien: Soetdoring — 17-6
Vergeet-my-Nie: Stad — 6-16
Dorp: Wag-'n-Bietjie — 6-7
Heide (2): Hobhouse — 4-13
Oosterhof: Steyn — 8-9
Klawerhof (2): Kestell — 11-18
Klawerhof: Welwitchia — 10-9
Kulu: Idahlia — 24-7
Wanda: Koos vd Merwe — 23-9
Koshuise 5 gewen en 5 verloor.



# LANDLOOP

DAMES:
1. R. de Klerk, P.U., 14:51
2. L. van Biljon, P.U., 15:28
3. H. van Heerden, U.O.V.S., 15:34
4. M. Holtzhausen, U.O.V.S., 15:36
5. D. Swanepoel, P.U., 16:39
6. M. Barnard, P.U., 17:24
7. P. Bornman, U.O.V.S., 17:56
8. I. de Villiers, U.O.V.S., 18:16
9. S. Snyman, U.O.V.S., 18:31
10. C. Vermooten, P.U., 19:33

PUNTESTAND en PLEK.
P.U. 14 punte. Eerste plek
U.O.V.S. 22 punte. Tweede plek


MANS:
1. A. Krogman, P.U., 31:24
2. D. Lamprecht, U.O.V.S., 33:01
3. N. Meintjies, P.U., 33:20
4. N. Nicholaison, U.O.V.S., 33:30
5. J. Lubbe, P.U., 33:41
6. K. de Beer, P.U., 34:02
7. J. Hagen, U.O.V.S., 34:16
8. C. Schutte, U.O.V.S., 34:26
9. P. Lamprecht, U.O.V.S., 34:35
10. E. Holtzhausen, U.O.V.S., 34:56
11. G. Doorewaard, P.U., 35:12
12. I. Maree, U.O.V.S., 35:15
13. P. Olevano, U.O.V.S., 35:16
14. S. Rieckert, P.U., 35:21

PUNTESTAND en PLEK
U.O.V.S. 40 punte
P.U. 40 punte.




Die pluimbal-Pukke kon netnet nie daarin slaag om hul Kovsie-teenstanders die loef af te steek nie.


Die Pukke het ook skoonskip van die stoei gemaak. Hier is 'n stoeier van die Puk besig om die Kovsie al sy dae te gee.



Die sjampanje-stryd het ons ook loshande gewen. Tweede van regs langs die hoofdirigent, Dawid Weyers, staan die Puk se oulike sjanpanje-nooi, Hannie Croukamp van Karlien.



Die Pukke het ook die skynhof gewen. Hier mediteer Jan Henning en Jurg Prinsloo oor hoe hulle die liegbek van 'n getuie gaan vastrek.



Die Pukke se judospan wat die afgelope Intervarsity teen Kovsies die Kovsies na willekeur rondgegooi het. Die span was: M. van der Merwe, R. van Rensburg, C. Prinsloo, H. van der Merwe, N. Stolz, W. Strydom en J. Coetzee.



FOTO'S DEUR FOTOKUNS

# SKERM

PUKKE, met trots kan u terugblik op die afgelope intervarsity, waar elke Sportklub gepoog het, om die PUK se naam hoog te hou.

Gedra deur die morele ondersteuning van die Pukke het ons daarin geslaag om die Kovsies met 39 teenoor 25 te verslaan. Ek meen dat dit die aangewese geleentheid is, om die Pukke te bedank vir die fantastiese opkoms. Dankie Pukke!

Die uitslae was dan kortliks soos volg:
Dames: PU 13 — UOVS 3
Mans: PU 26 — UOVS 22
Johan Freysen.

# MENSE STRY AL SEDERT EERSTE INTERVARSITY

**DIE kwessie oor wie en wat nou eintlik 'n student is, smeul al baie lank... om presies te wees, sedert die eerste Intervarsity tussen Maties en Ikeys.**

Een van die stigterslede van bogenoemde Intervarsity, mnr. Cecil Steyn (84), het reeds in 1911 hierdie saak te berde gebring.

Die Wapad het 'n bietjie gaan rondkrap en op die volgende twee briewe afgekom. Die een is deur mnr. Cecil Steyn op 24 Mei 1975 aan Die Burger geskryf en die tweede deur sy seun, Gys, op 6 Mei aan Rapport. Ons plaas die brief van mnr. Gys Steyn eerste.

### KLUG

Die kwessie van Intervarsity het volgens my mening in 'n klug ontaard. My vader, mnr. Cecil Steyn, is blykbaar nog al oorlewende van die vergadering wat belê is tussen die W. P. Rugby-unie, die Victoria College en die South African College om die fondamente te lê vir dit wat vandag nog bekend staan as Intervarsity.

Omdat my vader nog altyd die standpunt gehuldig het dat die hele gees van Intervarsity verkrag word deur die feit dat persone daarin betrek word wat nie voltydse studente aan die betrokke universiteite is nie, beskou ek myself as bevoeg om hieroor 'n paar woorde te skryf.

### MARKÖTTER

Op daardie vergadering, onder voorsitterskap van mnr. L. S. Smuts en waar oubaas Markötter ook teenwoordig was, is daar onder andere besluit dat alleenlik bona fide studente aan Intervarsity mag deelneem. Dit is geensins moeilik om te verduidelik wat hulle onder bona fide student verstaan het nie, want in daardie tyd is daar selfs beswaar gemaak teen die insluiting van die Kweekskool by die Victoria Kollege en ook teen die insluiting van studente wat in die Wet studeer en gedurende hul studies ook geld verdien het.

### STATUS

Nou wil ek beweer dat die beginsels wat deur die stigterslede van die hedendaagse Intervarsity neergelê is, met die jare afgewater is omdat Intervarsity 'n statussimbool geword het en nie langer 'n kragmeting tussen jong studente nie.

Die oop klubs kan bly voortbestaan as daar in die ligas meegeding word maar die ou manne met harde baarde, vrouens, kinders en bankrekenings moet terugstaan as daar vir Intervarsity meegeding word anders sal ons nooit weet wie die sterkste studentespan het nie.

Moet ook nie vir my sê dat dit al jare so aangaan en dat almal dit so aanvaar nie. My vader en ek aanvaar dit nie en ek is seker dat baie van die jong studente wat nie hulle regmatige plek in hulle studentespanne kan inneem dit so aanvaar nie.

Ons leef in 'n tydperk van gedurige verandering en daar is geen rede waarom ons ook nie in ons rugby die goeie uit die verlede kan neem om sodoende die gees van Intervarsity te laat herleef nie.

Wanneer 'n mens toegelaat word om jou plek in 'n span te koop deur vir 'n paar niksbeduidende ou vakkies by die universiteit in te skryf laat dit 'n mens baie dink aan die pseudo-amateurisme van ander sportsoorte en die Suid-Afrikaanse Rugbyraad is dan so gesteld op rugby se amateurstatus.

### DIE BURGER

Die volgende brief is deur mnr. Steyn se vader, mnr. Cecil Steyn aan Die Burger geskryf. Mnr. Steyn was een van die stigters van die Intervarsity tussen Maties en Ikeys:

Ek was die rugbykaptein van die S.A. Kollege in die eerste Interkollege-wedstryd tussen die S.A. Kollege en die Victoria-kollege in 1911. Vóór dié tyd het die twee kolleges oor en weer beswaar gemaak oor wie toegelaat mog word by die keuse van die spanne. Die V.K. het beswaar gemaak teen die toelating van die regstudente en die S.A. Kollege teen die insluiting van Kweekskoolstudente.

Ek meen ek is nog die enigste oorlewende van die komitee wat die reëlings getref het vir die wedstryde tussen die twee inrigtings. Dit het bestaan uit drie lede van die Victoria-kollege, naamlik mnr. Markötter (Oubaas Mark), D. de Villiers (kaptein) en nog een. Die drie vir S.A.K. was C. Steyn, M. Lundie en, ek meen, Danoon-Duncan. Vir die Rugbyunie was daar ook drie. Ek onthou net die voorsitter was mnr. L. B. Smuts. Die notule van die vergadering is ongelukkig vernietig in 'n brand in die ou kleedkamers van die spelers.

Ek onthou nog twee vername besluite wat eenparig deur die vergadering geneem is:

1. Geen bekers of ander trofeë moet toegelaat word nie. Soos destyds gesê is: „No pothunting".

2. Die V.K. se spelers kon gekies word uit die hoërskool, die Kweekskool en studente van die kollege. Vir S.A.K. mog speel regstudente, leerlinge van die S.A.C.S. en studente van die kollege.

Op die vergadering is beklemtoon dat enigiemand wat geld verdien, geen bona fide student mog wees nie.

Daar die toelating tot spanne vir inter-universiteitswedstryde 'n saak is wat baie sportsoorte raak, behoort die verskillende studenterade daaroor te besluit. Vir my en seker vir baie ander ook is dit 'n saak van kommer dat 'n groep van hoogs ontwikkelde mense kan beweer dat enigiemand wat die nodige gelde betaal, beskou kan word as 'n student van die inrigting en dat so 'n persoon toegelaat moet word in wedstryde alleenlik vir studente.

Vir my altans is daar nie veel verskil tussen spelers in 'n o.20-span wat swyg as hulle weet dat een van hul spelers oor die ouderdom is en die lede van 'n intervarsity-span wat geen protes aanteken as hulle weet dat daar wel spelers in hul span is wat nie studente is nie of, soms, nooit was nie.



## JAAG DIE BAL

Vinnig op die bal, dit is Koos Snyman. Agter hom kom Piet Brand ook nader om te help. Frans Barnard, Puk se senter, is ook in die nabyheid te sien. Barnard het Saterdag 'n goeie wedstryd gehad. Die Pukke het nooit Saterdag gaan lê nie, en die Kovsie wat op die foto nader kom, dink blykbaar ook so. Dié foto is tydens Saterdag se Intervarsity geneem.



Klippies Kritzinger, Shimlas se kaptein, op pad doellyn toe. Kritzinger het Saterdag tydens Intervarsity 'n bars gespeel en een mooi drie gaan druk. Hier probeer Eric le Roux hom keer. (Foto: A. Gerber.)

**PLATSAK? MAAR STRALE-JAKKER?**

**Sien prof. G. N. van den Bergh van Geskiedenis**



Wat nou, vra die heelagter van die Shimlas, Piet Strydom, aan 'n ewe verdwaasde Gerrie Germishuys tydens Saterdag se Intervarsity op Olënpark. Die Shimlas het hierdie wedstryd met 49—3 gewen en die Pukke die grootste loesing in die geskiedenis toegedien. Die Pukke het egter nooit gaan lê nie. (Foto: Attie Gerber.)

## TOE WEL VOL KNOPPE GESKOP

DIE karatemanne en -doedies het vanjaar skoonskip gemaak met die Intervarsity. In hierdie jaar van die vrou was dit egter die dames wat die hele toneel oorskadu het en verseker het dat die PUK oortuigend wen.

Hulle het naamlik 39,6 punte bymekaar gebring teenoor die 26,4 van die Kovsiedames. Dit was in die kata-afdeling.

Die mans het in die kata-afdeling die onderspit gedelf met 'n puntestand van 81,4 teenoor die 85,3 van die Kovsies. In die kumite-afdeling het die Pukke weer eens tweede gekom met 'n telling van 7 teenoor 13.

Die totaal is egter PU 128,00 teenoor UOVS 124,7.



## PUK MOES DIE KNIE BUIG

DIE Pukke moes met die afgelope Intervarsity die knie buig voor die sterk span van die Kovsies.

In die mans enkelspelle het die Vrystaters gewen met 'n puntestand van 86 teenoor 80. Pieter Campher het E. Burgel oortuigend geklop met 'n telling van 7/6, 6/2. Fanie was minder gelukkig en moes na 'n baie taai en lang wedstryd die knie buig. C. Botha van die PUK het ook 'n mooi wedstryd gehad teen J. Venter en het gewen met 7/5, 6/3.

In die dames enkels het die Kovsies oortuigend die oorhand gehad deur te wen met 'n totaal van 78 teenoor 52. Nie een van die dames kon daarin slaag om 'n wedstryd in te palm nie, hoewel hul heel verbete gespeel het.


In die dubbelspelle vir mans het die Pukke egter die oorhand gekry.

## IN GOEIE GEES

DIE Puk se muurbalklub het nie 'n reuseoorwinning behaal oor die Kovsies nie, maar het in goeie gees met enkele punte verloor.

Die uitslae is as volg:

Mans 1 UOVS 4 PUK 1
Mans 2 UOVS 3 PUK 2
Dames 1 UOVS 3 PUK 2
Dames 2 UOVS 2 PUK 3



Die Puk het diepte, kan mens sê nadat ons tweedes Saterdag Kovsies se tweede span die loef afgesteek het. Kovsies het alle rede om bekommerd te voel. Hier is skrumskakel Flippie Venter op pad doellyn toe. Die Puk se tweedes het hierdie wedstryd met 19—7 gewen. Ofskoon die Kovsies die skeidsregter telkemale uitgejou het, het die Puk oortuigend gewen. (Foto: Attie Gerber.)

Een van die Kovsies se uitblinkers wat die Puksenters tydens Saterdag se Intervarsity telkens in die lug laat gryp het. Pikkie du Toit het Saterdag 'n baie goeie wedstryd vir die Shimlas gespeel. (Foto: Attie Gerber.)

# Intervarsity: a..es het nie p..uis verloop nie

Deur Jurg Prinsloo

**HOEWEL 'n mens jou blootstel aan 'n beskuldiging van suur druiwe wanneer jy ná Intervarsity kritiek lewer, kan sekere dinge liewers nou gesê word vir kennisname.**

Eerstens kan ons skeidsregters wat Saterdag opgetree het in die drie wedstryde op Olënpark, geluk gewens word met hul algemene hantering van die spel.

Tog het dit opgeval dat daar in die hoofwedstryd telkemale toegelaat is dat die Vrystaat se spelers die bal met die hande lê en speel vanuit die losskrums, terwyl die skeidsregter in 'n heeltemal gunstige posisie daarna staan en kyk. Hierdie tipe oortreding gee maklik aanleiding tot frustrasie by spelers en gevolglik ruwe spel. Verwoede trapskrums het in die verlede al op sulke oortredings gevolg waardeur menige speler beseer is.

'n Ander tipe oortreding wat dikwels in Saterdag se wedstryd voorgekom het, was optel in die lynstane. Die manne van die Vrystaat het darem te maklik daarmee weggekom. Hierdie tipe oortredings is nie bevorderlik vir rugby nie en behoort aan bande gelê te word.

### VERWARRING

Tweedens het daar klaarblyklik verwarring ontstaan oor optrede van studente wanneer 'n Alma Mater tydens die verrigtinge gespeel en gesing word. Die Kovsies se orkes het lustig voortgespeel terwyl die Pukke hul universiteitslied na afloop van die hoofwedstryd gesing het. Dit alles kon moontlik verhoed gewees het as beide universiteite se dirigente saamgewerk het om mekaar die geleentheid te gun om hul Alma Mater te sing. Ons hoop dit word volgende jaar so gereël.

## KOVSIES LEKKER GEGOOI!

**DIE Pukke het die Kovsies gewys hoe om mense rond te gooi in die judokompetisie. Hulle het met vyf wenne teenoor twee gewen. Dit totale uitslag was PUK — 35 teenoor die Kovsies se skampere dertien.**

Die judokas wat hul gevegte gewen het is Morne van der Merwe, C. Prinsloo, H. van der Merwe, N. Stoltz en J. Coetzee. Die ander twee Pukke het baie goed geveg, maar het net naelskraap hul gevegte verloor.

Die judokas kan net baie dankie sê aan die Kovsies vir 'n feestelike aand en vir hul goeie sportmansgees.



Die Pukke het Saterdag alles in die stryd gewerp. Hier bring James Claassen vir Gerrie Germishuys grond toe. (Foto: Attie Gerber.)

Pikkie du Toit, briljante senter van die Shimlas, hardloop hier verby Frans Barnard wat 'n vergeefse poging aangewend het om hom te keer. Ook te laat om te keer is Diederick Fouché. (Foto: Attie Gerber.)



# STEUN 'N RIEM ONDER HART

**VIR die tennisspelers was dit Saterdag 'n riem onder die hart om te sien hoe hul sportsoort deur die massa ondersteun is.**

Vir die eerste keer is koshuisspanne betrek by Intervarsity. Hulle het hul dan ook uitstekend gekwyt van hul taak. Die damesspanne van Klawerhof en Karlien, het albei hul wedstryde maklik gewen. Over de Voor wat die enigste mansspan was, het net verloor, maar het nogtans baie goed gespeel.

Die opwindendste wedstryd van die dag was seker die enkelspel tussen Fanie Campher en Luky Badenhorst. Fanie moes egter die knie buig in die derde stel met 'n telling van 11 — 9. Pieter Campher het maklik met 'n gewese SA Junior kampioen afgereken met 'n telling van 7 — 6, 6 — 2.

Die dames van die uitslae is as volg:

D. Botha verloor teen R. Ferreira Kovsies.

C. Botha wen R. Ferreira.

B. Hatting verloor teen Fourie.

E. Ferreira verloor teen Symington van Kovsies.

Die dames het al hul enkelspelle verloor.

**Tweede span:**

Charl Marais wen teen Pritchard.

Charles Siertsema verloor teen H. Otto.

Louis van Wyk verloor teen Pritchard.

Gerrie van Wyk verloor teen J. Richter.

Jannie van Rensburg wen A. Bernard.

Andre Henning wen F. Bezuidenhout.

Die enigste tweedespan dame wat haar opponent sommer vinnig kortgevat het, was Erna Brits.

In die dubbels het die Campher broers weereens vir 'n skitterende wedstryd getoon en ook getoon dat hulle nie maklik in die Senior Interprovinsiaal wat binnekort plaasvind gewen sal word nie.

In die totaal het die mans slegs met 86 — 89 verloor. By die dames het daar egter 'n leemte bestaan.

## HET DIT AMPER GEDOEN

**DIE Pukke het bo verwagting goed gevaar in die kragmeting met die Kovsies op Vrydag 22 Augustus.**

Nadat die Kovsies laat weet het hul kan 'n span van 20 mans en 10 dames stuur, is daar gevrees vir die ergste. Die Pukke het op die ou end toe slegs met 'n kortkoppie verloor, 14-16. In albei rondtes was die telling 7-8. Hartlik geluk Kovsies, en Pukke, volgende keer kap ons hulle flou!



Die Blou Ekspres, kan mens Gerrie Germishuys noem ná Saterdag se eskapade op Olënpark. Germishuys het weer eens bewys dat daar min vleuels in Suid-Afrika is wat sy gelyke is. Germishuys het ook twee drieë gedruk. Hy is aanvanklik goed deur James Claassen dopgehou, maar nadat die senters van die Puk se verdediging gevou het, het Germishuys na willekeur baljaar. (Foto: Attie Gerber.)

# KOVSIES WEN MET GROOT TELLING

Deur Jan van Vuuren van Hoofstad

**WAT al die Pukke gehoop het sal nie gebeur nie het toe gebeur. Almal het gehoop dat ons ou gemiddelde eerste span die provinsiale span van die Kovsies goeie teenstand sal bied, maar watwou. Die Kovsies het hulle nie daaraan gesteur nie en die 35e intervarsity tussen die twee universiteite met 'n rekordtelling gewen. Die telling was 49—3.**

Die wedstryd is hoofsaaklik tussen die voorspelers gespeel. Die Puk het meer as hul deel van die bal uit al die afdelings van die voorspel gekry. As in ag geneem word dat die Kovsies se slotte die provinsiale slotte van die Vrystaat is, is die lynstaanstelling van die 28 21 in die Puk se guns 'n puik pluimpie vir Dries Coetzer en Piet Brand. Nadat Dries egter die veld verlaat het, het die Kovsies die lynstane op no. 3 begin oorheers en al hoe meer balle aan hul agterlyn besorg. Die agterlyn het dan ook die ding gedoen.

In die losskrums was die stryd tot met rustyd toe nog gelyk, Johan Radloff moes egter net voor rustyd die veld verlaat. Die gevolg was dat die Puk nie meer hul regmatige deel van die losskrums kon wen nie.

Alhoewel die Kovsie agterlyn baie van die bal gesien het, kon hulle nie agterlangs maak wat hulle wou. Die Pukspelers het verdedig asof hulle lewens daarvan afhang. Die gevolg was mistasting deur die Kovsies en baie skrums. Die Puk het die bal 17 keer teenoor die Kovsies se 8 keer in die skrum ingesit. Die vaskoptelling was 2—1 in die guns van die Kovsies.

Die Kovsies het egter aan die Puk gewys hoe word rugby gespeel. Daar kan gekla word oor nie-studente in die Kovsie-span maar in die Puk-span is daar ook spelers wat nie bona fide studente is nie.

Die manne is die Kovsiespan wat nie voltydse studente is nie het wel 'n groot aandeel aan die span se oorwinning gehad maar twee spelers wat wel studente is het eintlik die Puk se graf gegrawe. De Wet Ras met 17 punte, wat 'n briljante drie ingesluit het, en Edrich Krantz met drie slim en puik drieë was vir 29 punte verantwoordelik.

Dit was 'n harde wedstryd maar ek dink dat die Puk heeltemal gelukkig kan voel oor die vertoning wat hulle teen die ou manne van Kovsieland gelewer het. Oor 'n jaar of wat sal hulle nie meer met die ou manne kan speel nie en dit is dan wanneer die huidige tweedes en die o.20-span sal wys dat die Puk tog oor meer diepte as die Kovsies beskik.

In die geheel gesien was dit nie so 'n aanskoulike wedstryd soos wat verwag is nie. Daarvoor het die Puk-spelers te hard na die Kovsies se sin gespeel en kon die agterspelers veral nie doen wat hulle wou nie.

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*



De Wet Ras, die man met die voet. Ras het vir die tweede agtereenvolgende Saterdag op Olënpark nie na wense geskop nie, maar nogtans 17 punte met die voet aangeteken. Hy het ook 'n slag pragtig gebreek en omtrent deur die hele Pukspan gehardloop vir 'n mooi drie. (Foto: Attie Gerber.)

# TROTSE PLUIME

**HOEWEL die Puk se pluimbalspan nie so goed gevaar het met die SAU-toernooi nie, het hul hulself bewys met die afgelope Intervarsity.**

Hulle het die Kovsies absoluut gevou deur hulle met 15 wedstryde teenoor 0 te wen. Van die dames het Rosalie de Klerk maklik gewen is die enkelspel en in die mans enkels het L. Wolmarans van die Puk ook sy man deeglik gestaan.

Die mans en dames dubbels was van meet af aan die Pukke s'n asook in die gemengde dubbelspelle.

# Overs aan wenkant

**SATERDAG 16 Augustus is die koshuisliga voortgesit nadat sommige spanne 'n blaaskans gehad het. Over de Voor het sy segetog voortgesit deur met Caput se eerstespan af te reken. Die eindtelling was 13—0 in Over de Voor se guns.**

Over de Voor, die voorlopers in die A-liga, moet nog teen Dorp en Drakenstein speel na Intervarsity.

HARDLOOP

In 'n ander spannende wedstryd het Hombre 1 vir Dorp 1 geklop met 11 punte teen 6. Vanweë die sterk wind wat die dag gewaai het, was beide spanne verplig om meer met die bal te hardloop as om dit te skop. Dit het aanleiding gegee tot aanskoulike rugby.

Hoewel Hombré kort na rustyd sonder die stewige spel van hul senter Ben van Vuuren moes voortspeel nadat hy met 'n skouerbesering die veld moes verlaat en hul flank Louwtjie Erasmus deurentyd op vleuel gespeel het, het Hombré die spel gedomineer. Die manne van Dorp het nooit tou opgegooi nie en moes mooi terugveg. In hierdie verband moet die naam van „Ton", hul vasskopstut veral genoem word.

ONOORWONNE

Hombré 11 het onoorwonne die seisoen afgesluit deur Klooster 11 met 40 teen 4 te verslaan. Hierdie span was vanjaar onkeerbaar en het gereeld met massiewe groot tellings gewen. Hulle wen vanjaar die B-liga loshande. Klooster III het nie vir hul wedstryd opgedaag nie. Hombré en Over de Voor sal nou moet uitspeel om die beker in die C-liga, tensy iets onvoorsiens gebeur.

# LANK EN TAAI

**DIE afgelope naweek is die Taaibos I marathon gehou. Soos met elke byeenkoms kon jy weer eens nie anders as om die geel Pukfrokkies raak te sien nie. Die wedvaart is oor vyftien kilometer beslis en 'n baie vinnige pas is gehandhaaf.**

UITHAAL

Ongeag die feit dat daar geen item vir beginners was nie en die manne saam met die seniors moes roei, het Tinus de Jager die derde plek ingeneem. Slegs vyf minute na Wally Fischer het hy oor die wenstreep geflits, die persoon wat tweede geëindig het moes uithaal om voor te bly.

DILLE

Die langnaweek wat voorlê hou groot dinge vir die P.U. se roeiers in. Hulle gaan saam met die Tukkies die Krokodilrivier aanpak. Springbokroeier Willem van Riet gaan die manne vergesel op die toer en hulle in dieselfde tyd bietjie meer leer van witwater. Die rivier leen hom baie goed vir sulke ondervinding aangesien die jaarlikse witwaterkampioenskappe daar gehou word. Dit beloof 'n heel aangename naweek te wees.